JACOBSDAL PRIMÊRE SKOOL
NUUSBRIEF: 32 14 Okt. – 21 Okt. 2022

TWEEKAMP
Die Suid Vrystaat Kampioenskappe het Saterdag, 8 Oktober in Bloemfontein plaasgevind Die volgende leerders het gaan deelneem en almal het baie goed gevaar en plekke gekry:

0/13 Seuns
Ignus Jacobs – 1e plek
Rauch Burger – 3de plek

0/13 Dogters
Elri de Waal – 5de plek
Claire Combrink – 6de plek

0/15 Dogters
Luné Fourie – 4de plek
Chané Fourie – 5de plek

Baie sterkte ook aan die atlete wat Dinsdag, 18 Oktober weer aan ‘n liga in Bloemfontein gaan deelneem.

NETBAL
Drie van ons dogters, Alissa Geldenhuys, Zoé Shepherd en Decoda Kilian, het die Griekwaspan verteenwoordig en gedurende die vakansie aan die Bokkie week se Fast 5 toernooi deelgeneem.
Alissa was as kaptein gekies en Zoé onder-kaptein. Hulle span het algeheel 5’de geëindig.

KRIEKET
Die volgende seuns het gedurende die vakansie aan die Vrystaat Toernooi deelgeneem, onderskeidelik vir die 0/11 en 0/13 Xhariepspanne. Die 0/11’s het 1 uit die 3 wedstryde gewen en 0/13’s het al 3 wedstryde verloor.
0/11
MJ Erasmus
Christiaan Wilkinson
0/13
Adriaan Burger
Leo Wilkinson

Die 0/13A span wen teen Hartswater op Donderdag, 13 Oktober met 48 lopies.
Vrydag, 14 Oktober bied ons ‘n KFC mini-krieket dag. Wedstryde begin om 12:00.
Baie sterkte aan die 0/7, 0/8 en 0/9 spannetjies.

Baie sterkte aan die 0/13’s wat ‘n aandliga wedstryd Woensdag, 19 Oktober teen Islamic speel by Eureka se velde.

Baie sterkte ook aan die 0/11’s wat Woensdag, 19 Oktober hul eerste liga wedstryd in Bloemfontein speel teen Grey.

TENNIS
Maandag, 17 Oktober speel ons dogters teen Hopetown by hulle. Baie sterkte aan hierdie dogters. Leerders vertrek 13:00 en verdaag 12:45.

SKAAK
Baie sterkte aan die Skaak leerders wat Maandag, 17 Oktober in Hopetown gaan wedstryde speel. Leerders vertrek 13:00 en verdaag 12:45.

BELANGSTELLING IN ONDERSTEUNERSDRAG VIR OUERS
Graag wil die skool ‘n opname maak of daar enige belangstelling sal wees in die volgende ondersteunersdrag:
- ‘n Breëbandhoed met borduring (skool se wapen) teen R200
- Ondersteunershemde (mans en dames) XS – 2XL teen R340
  3XL – 5XL teen R380.

Sien asb. afskeurstrokie en stuur terug skool toe indien u belangstel in so iets.

JAARBLAD BESTELLINGS
Ouers kan al die jaarblad bestel teen R200 ‘n kopie. U kan kontant betaal by die kantoor of per EFT in die skool se rekening. Sien aangehegte afskeurstrokie.

GR.4-7 TOETSWEEK
Sien aangeheg die toetsrooster vir Gr4-7 wat plaasvind vanaf 1 November tot 10 November. Help asb. u kind om goed voor te berei hiervoor. Die periodes sal korter wees gedurende hierdie week. Geen buitemuurs sal gedurende die toetsweek plaasvind nie, behalwe wedstryde wat reeds vas is, sal gespeel word.

FINALE KWARTAALPROGRAM EN BUITEMUURSE ROOSTER.
Sien aangeheg Kwartaal 4 se finale kwartaalprogram en buitemuurse rooster vir u aandag.

KOSHUISVERGADERING EN FOOIE
Alle koshuisfooie moet teen 11 November op datum betaal wees, anders sal u kind nie toegelaat word nie.

- Koshuisvergadering vir ouers vind plaas as volg:
  Maandag, **17 Oktober, om 07:45**
- Koshuiskomitee vergadering vind plaas as volg:
  Maandag, **17 Oktober, om 09:00**

DOWNSINDROOM-BEWUSMAKINGSMAAND
Oktober is Downsindroom-bewusmakingsmaand. Op Vrydag, 21 Oktober, sal daar ‘n praatjie in saalperiode plaasvind en ouers is welkom om dit by te woon.
Daar sal ook ‘n “Funky socks” dag op Vrydag, 21 Oktober gehou word teen R5. Leerders kan dan enige snaakse kouse aantrek skool toe teen R5 ter ondersteuning van downsindroom.

ROOMYSVERKOPE JOS
Jakkies Opwaarts Sentrum se roomyswa gaan volgende week Dinsdag, Woensdag en Vrydag, elke pouse roomys verkoop. Ons moedig die leerders aan om ‘n geldjie skool toe te bring om hulle te ondersteun.

STOKKIELEKKERDAG
Datum: Vrydag, 21 Oktober
Koste: R2 per suigstokkie
Betaal vooraf by jou register onderwyser en dan kan jy die hele dag suigstokkies eet.

TROFEES TERUGBESORG
Ons herinner net weer ouers dat alle trofees, gegraveer aan die skool, so spoedig as moontlik, terugbesorg moet word.

BESORGDHEID OOR LEERDERS SE VEILIGHEID
Ons lees baie deesdae in die media van kinders wat ontvoer word en ons probeer so ver as moontlik om ons kinders te beskerm, daarom sal geen leerder binne die swembadterrein toegelaat word as hy/sy nie by ‘n afrigter is nie. Die bussie kinders wat met privaat vervoer ry, word ook versoek om binne die skoolterrein te wag vir die bussie. Ouers moet asb. die busbestuurder in kennis stel.

NAUTILUS
Die laaste Nautilus byeenkoms vind plaas op Saterdag, 22 Oktober. Leerders wat wil deelneem kan R200 inbetaal op Maandag, 17 Oktober voor 11:00. Ouers neem self hulle kinders na Bloemfontein.

SWEMBADSLEUTEL
Ouers wat belangstel om die swembadsleutel te huur, dit kos R600 per jaar. Ons versoek egter dat die ou sleutels aan die skool terugbesorg word.

VCSV-KAMP
Vind hierdie naweek buite Bloemfontein plaas. Juffrou Elza en Juffrou Delene gaan die leerders vergesel en ons hoop dat hulle dit baie sal geniet.

UNISA KLAVIEREKSAMEN
Baie geluk aan die volgende leerders met hul uitslae:
Simon de Witt – Gr.2 – 82% (met Lof)
Claire Combrink – Voor Gr.1 – 94% (word op Ererol geplaas)
Ons is baie trots op julle!

REDENAARSFINAAL
Die volgende leerders eindig onder die Top 3. Die name word alfabeties geplaas:

Juniors (Gr.4-5)	**Seniors (Gr.6-7)**
Ruben Bann	Burger Jacobs
Elri de Waal	Henriko Taylor
Wynand du Plessis	Luhan van der Linde

Die wenners sal tydens die prysuitdeling bekend gemaak word, waar hulle ‘n trofee sal ontvang.

MENTAL MATHS

Daar was 8 leerders van ons streek in Gr.4-7 wat die Xhariep-streek verteenwoordig het tydens die provinsiale kompetisie vanaf 11-13 Oktober in Bloemfontein. Ons kan met groot trots sê dat ons leerders deel was van die Top 30 leerders in die Vrystaat wat onder hul verskeie graadgroepe deelgeneem het. Daar was 80 verskillende skole van die Vrystaat wat deelgeneem het. Ons wag nog vir individuele uitslae van Gr.4-7. By die Gr.3's was Louw de Lange 11'de en Karla Rheeder 15'de van al die Gr.3's wat deelgeneem het.



…….
PW Tait
SKOOLHOOF

GEBEDSLYSIE

Ons bid vir die boere wat onder die hewige veldbrande deurgeloop het.

AFSKEURSTROKIE: BESTELVORM VIR 2022 JAARBLAD

Ek _____(naam en van), bestel hiermee die jaarblad.

_____ (aantal kopieë)

Kontak nommer: _____

Stuur hierdie afskeurstrokie in wat dien as u bestelling vir die jaarblad.

Geld kan kontant by ontvangs betaal word of EFT na die skool se rek.

……

AFSKEURSTROKIE: ONDERSTEUNERSDRAG

Ek _____(naam en van), stel belang om ondersteuningsdrag te koop.

- Breëbandhoed

  Aantal: _____

- Ondersteunershemp
  Grootte:_____ Aantal: _____

  Grootte:_____ Aantal: _____

Kontak nommer: _____

Stuur hierdie afskeurstrokie in indien u sou belangstel daarin om ondersteuningsdrag te koop.

WHEN YOU
JUDGE
SOMEONE
BASED ON A
DIAGNOSIS YOU
MISS OUT ON
THEIR ABILITIES
BEAUTY &
UNIQUENESS.
Sevenly

OCTOBER is
Down
Syndrome
Awareness
Month

OKT. 2022		**JACOBSDAL PRIMêRE SKOOL** **KWARTAALPROGRAM (LEERDERS)** **VIERDE KWARTAAL - 11 OKTOBER – 15 DESEMBER 2022**
MAANDAG	10	Koshuis open 16:00
DINS: Week: 1	11	**SKOOL BEGIN om 8h00** **Personeelvergadering - 13:30 [Skool verdaag 13:00]** **Leiers ontvang nuwe portefeuljes en klastoesigrooster.** **Assessering/Kurrikulumdekking 1 vir die kwartaal begin.** **Handboek - en skryfboek inspeksie deur leerkragte.** **Mental Maths (Prov) te Bloemfontein**
Woens	12	**Aanspreeklikheidsgesprekke deur vakhoofde. 15h30** Buitemuurs begin (Krieket en Tennis) **Mental Maths (Prov) te Bloemfontein**
Don	13	Voorsien Koshuis van leerders se rapporte indien voltooi en geteken is. 0/13 Krieket aanliga @ Hartwater te Staats. **Mental Maths (Prov) te Bloemfontein eindig**
Vry	14	**Gr. 1 – 7 Onderwysers deel rapporte uit.** Kwartaal prysuitdeling om 12h00 **VCSV – Gr. 7 kamp - Vertrek** Leerders voltooi doelwit vorms. Voorsien weer aan skoolhoof. JPS - KFC Mini-Krieketdag vanaf 12h00.
Sat	15	**VCSV – Gr. 7 kamp** WOW Finaal te Stellenbosch
Son	16	**VCSV – Gr. 7 kamp** - Arriveer
Week: 2 Maan	17	**JOS Roomysverkoping [Week]** Skoolhoof bespreek doelwitte met alle druipelinge. **Ouerklasbesoeke slegs volgens afsprake [Grensgevalle en druipelinge]** Nautilusgelde inbetaal. **Tennis dag en Skaak @ Hopetown (Weg)**
Dins	18	Tweekamp Liga 1 te Bloemfontein 0/11 Krieket liga teen Grey @ Grey
Woens	19	0/13 Krieket aandliga @ Islamic te Eureka
Vry	21	**Tennis:** Novals toernooi op De Aar. **Down-sindroom bewusmaking praatjie in saal – Funky Socks dag @ R5** **Environment Quiz finaal** **Stokkielekkerdag – R2 per stokkielekker**
Sat	22	Nautulis te Bfn. **Tennis:** Novals toernooi op De Aar.
Week: 3 Maan	24	Gr. 3's besoek die week die graad 4 leerkragte **0/11B & 0/13B Krieket vs Newton (Jacobsdal)**
Di	25	0/11 Krieket liga teen Willem Postma @ Jacobsdal
	26	Tennis @ Eureka (Dogters)
Don	27	0/13 Krieket @ Seodin te Eureka
Vry	28	Gr. 3 ouer oriëntasie (Gr. 4 vir 2023) @ 12h00
Sat	29	**JF Atletiekbyeenkoms te Bloemfontein** **Gr. 2 + 3 Newton Tennistoernooi**
Week: 4 Maan	*31*	**Gr. 1 Koekieverkoping** Tennis @ Douglas (S&D) (Tuis)
NOV: Dins	1	2 Kamp liga 2 te Bloemfontein Toetsreeks begin

Woens	2	0/11 Krieket liga teen President Brand @ President Brand
Don	3	Koshuis afsluitingsfunksie Kammaland konsert se kleedrepitisie
Vry	4	Dankbaarheidsdiens en muntlegging. **BEGROTINGSVERGADERING, 12H00 IN SKOOLSAAL.** **0/13 Krieket aandliga uitspele** **Drama in saalperiode** **Kammaland konsert**
Week: 5 Maan	7	**BL vergadering om 14:05**
Dins	8	Inoefening vir prysuitdeling [Juniors en dan Seniors] 0/11 Krieket liga teen Brandwag @ Jacobsdal
Woens	9	Inoefening vir prysuitdeling [Juniors en dan Seniors]
Don	10	**Afsluiting: Leiers [Skool/Koshuis en Media] saam met HOD en Mediahoof** **Toetsreeks eindig**
Vry	11	***JAARLIKSE PRYSUITDELING – JNR & SNR - [Personeelfunksie en groet personeel wat ons verlaat]*** ***SV Tennisproewe te Bloemfontein*** Assessering 1 eindig. **Graad R gradeplegtigheid**
Sat	12	SV Tennis proewe te Bloemfontein
Week: 6 Maan	14	**Gr. 6 groet die graad 7's [12h30 – 14h00]**
Dins	15	DH neem alle top 3 akademiese presteerders vir uitstappie. [Gr. 4 – 7]
Woens	16	
Don	17	**Summatiewe assessering begin – Voorlopig** **Disconto Boekuitstalling**
Vry	18	**Disconto Boekuitstalling**
Week: 7 Maan	21	
Sat	26	
Week: 8 Maan	29	Gr.3 Uitstappie
DESEMBER Don:	1	**Summatiewe asssessering eindig - Voorlopig**
Vry	2	Onderhoude met ouers van druipelinge.
Week: 9 Maan	5	
Vry	9	**RAPPORTE BY SKOOL BESKIKBAAR 9:00 TOT 10:00** [**Oorhandig rapporte aan leerders**
Week: 10 Maan	12	
Woens	14	
Don	15	**Skool sluit amptelik vir leerders en personeel 9h00**

JACOBSDAL PRIMÊRE SKOOL

Buitemuurse Rooster: Vierde Kwartaal 2022

DAG	AKTIWITEIT	TYD	AFRIGTER
MAANDAG	**RO & Didaktiese klasse**	14:30 - 16:00	E van Wyk
	Tweekamp / Middelafstande : Gr.1-7	14:30 – 15:00	L Bann
	Rondtebaan : Gr.1-7	14:30 – 15:00	I Wilkinson
	Krieket: Mini-krieket **Gr.1-3**	14:00 – 14:30	K Page/M Meyer/L Carbutt
	0/11	15:00 – 16:00	D Kaplan
	0/13	16:00 – 17:00	T Louw
	Klubswem: Klubswem	13:00 – 18:00	Privaat Afrigters
	Skaak: **Gr. 1 – 3**	13:30 – 14:00	N van Eck
	Gr. 4 - 7	14:20 – 15:00	V Coetzee
DINSDAG	**RO & Didaktiese klasse**	14:30 - 16:00	E van Wyk
	Tweekamp / Middelafstande: Gr.1-7	14:30 – 15:00	L Bann
	Klubswem: Klubswem	13:00 – 18:00	Privaat Afrigters
	Koor:	14:20 – 15:00	S Venter / E van Wyk
	Atletiek: Baanitems: Ritme + Rondtebaan	15:00 – 15:30	Afrigters
	Velditems: Spiesgooi	15:30 – 16:10	Afrigters
	Verspring	15:30 – 16:10	Afrigters
WOENSDAG	**RO & Didaktiese klasse**	14:30 - 16:00	E van Wyk
	Klubswem: Klubswem	13:00 – 18:00	Privaat Afrigters
	Tennis: Gr.1-3	14:30 – 15:00	L Bann / I Wilkinson
	Gr.4-7 **(Slegs Spanne)**	14:15 – 15:15	L Bann / I Wilkinson
	Krieket: Mini-krieket Gr.1-3	14:00 – 14:30	K Page/M Meyer/Carbutt
	0/11	15:00 - 16:00	D Kaplan
	0/13	16:00 – 17:00	T Louw
DONDERDAG	**Tweekamp / Middelafstande: Gr.1-7**	14:30 – 15:00	L Bann
	Rondtebaan : Gr.1-7	14:30 – 15:00	I Wilkinson
	Klubswem: Klubswem	13:00 – 18:00	Privaat Afrigters
	Atletiek: Baanitems: Naelope + Hekkie	15:00 – 15:30	Afrigters
	Velditems: Diskus	15:30 – 16:10	Afrigters
	Hoogspring	15:30 – 16:10	Afrigters
	Gewigstoot	15:30 – 16:10	Afrigters
	Dramaklub: Gr.1-3	14:00 – 14:20	M Meyer
	Gr.4-7	14:20 – 15:00	S Venter

TOETSROOSTER

1 NOVEMBER 2022 – 10 NOVEMBER 2022

Dag:	*Dat:*	*Gr 4:*	*Gr 5:*	*Gr 6:*	*Gr 7:*
Di.	**01/11**	LV	LV	LV	TEG / LO
Wo.	**02/11**	SW (GEO)	SW (GEO)	SW (GEO)	SW (GESK)
Do.	**03/11**	SW (GESK)	SW (GESK)	AFR	AFR
Vr.	**04/11**				
Ma.	**07/11**	AFR	WISK	SW (GESK)	NW
Di.	**08/11**	NWT	NWT	WISK	EBW / SK
Wo.	**09/11**	ENG	AFR	NWT	WISK / ENG
Do.	**10/11**	WISK	ENG	ENG	SW (GEO)